

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

MUNISIPALE BAKKIE JARELANK VERGETE


DA-raadslid Robert Ferendale was “geskok” toe hy hoor ’n stukkende munisipale bakkie staan reeds byna vier jaar lank ongebruik by ’n werktuigkundige in Heilbron. Hy kon vasstel dat die enjin van die bakkie deur oorverhitting beskadig is, en die werktuigkundige sal die herstelwerk voltooi slegs wanneer Ngwathe sy agterstallige rekening vereffen. Volgens hom gebeur dit nie. “Ons stuur gereeld rekenings, maar niks word betaal nie,” sê Mnr Dave Naudé, die werktuigkundige. Ngwathe se bakkie staan dus nou reeds twee en veertig maande lank by hom, nutteloos en ongebruik. “Ngwathe skuld my meer as R5 000 in bergingskoste alleen,” sê hy. Die motorlisensie het reeds einde Oktober 2017 verval. Daarop is dus ook heelwat boete verskuldig.

“Amptenare kla hulle het nie genoeg voertuie om munisipale dienste te lewer nie,” sê Rdl Ferendale. “Maar hier staan ’n voertuig ongebruik en vergaan, as gevolg van pligsversuim deur munisipale amptenare. “Hy vermoed nou daar is meer sulke gevalle, en snuffel verder rond. “Sommige amptenare het ’n traak-my-nieagtige houding, eenvoudig omdat daar geen gevolge vir wanprestasie in ons munisipaliteit is nie,” sê Ferendale.

Heilbron Herald kon nie kommentaar bekom voor sakterd nie.



Hierdie bakkie vergaar jare steeds stof.



 **ECD Census 2021**
because children count

Calling all ECD programmes to register for the ECD Census 2021

The Department of Basic Education (DBE) is conducting a nationwide census to collect data on all registered and non-registered Early Childhood Development programmes.

The information gathered during the ECD Census will highlight opportunities to increase access to quality play based learning for every South African child and help expand education support programmes. It will also be used to integrate information on ECD into the department's Education Management Information System (EMIS). Fieldworkers from the iKapadata survey company will make an appointment to visit each ECD programme to conduct interviews with the principal or owner and record observations. These visits will take less than an hour of your time.

Play your part in helping all children in South Africa access a brighter future, because children count.

FOR MORE INFORMATION ON HOW YOU CAN PARTICIPATE, WHATSAPP US ON 060 0702 994



Basic Education
Social Development

The LEGO Foundation



Waarom jy nie 'n skilpad moet optel nie - As jy 'n skilpad optel, urineer dit dikwels uit vrees, wat veroorsaak dat hulle kosbare vog verloor wat tydens die droë seisoen bespaar is, wat hulle moontlik na die volgende reënseisoen moet oordra. Selfs as hy weer in die veld gesit word, is hulle gesondheid moontlik benadeel.

Skilpaaie se dop of skulp is aan sy lyf vas - Jy kan al die spotprente wat jy gesien het as 'n kind vergeet, waarin 'n skilpad naak uit sy dop spring. Die feit is dat die skulp van 'n skilpad stewig aan sy lyf vasgebind is; die binneste laag is deur verskeie ribbes en werwels aan die res van die skilpad se skelet gekoppel. Die skulpe van die meeste skilpaaie is saamgestel uit "skuie" of harde lae keratien (dieselfde proteïen as in menslike vingernaels): Hoekom het skilpaaie in die eerste plek skille ontwikkel? Dit is duidelik dat dit 'n verdediging teen roofdiere is.



Almal bo die ouderdom van 18 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 07:30 - 18:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na <https://vaccine.certificate.health.gov.za/> om vandag joune af te laai.

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 14 Oktober 2021 en dui aan Ngwathe het 5476 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron steeds op 1330 staan en is daar niks positiewe gevalle bygevoeg sedert 7 Oktober 2021 nie. Die hele Fezile Dabi distrik het 24 424 bevestigde gevalle aangekondig.

OPTREDE TEEN VEEDIEFSTAL

Vrystaat Landbou (VL) en die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO) wil die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) in die Vrystaat bedank. Dit volg nadat 6 persone op Saterdag, 2 Oktober 2021, in die Fouriesburg-area gearresteer is. Die oortreders is Maandag, 6 Oktober 2021, voor die hof gebring omrede hul vee verwyderingspermitte in die vervoer van vee nie korrek voltooi was nie. Die oortreders is 'n boete opgelê wat hul moes betaal, en sal 'n kriminele rekord ontvang.

Die arrestasie het plaasgevind tydens 'n gesamentlike operasie deur Sigbare Polisiëring, die Veediefstal-eenheid te Fouriesburg; die Departement van Binnelandse Sake en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG).

Volgens Isabel Kruger van die Veediefstal Voorkomings Forum van die RPO in die Vrystaat, is dit die eerste optrede van sy soort waar die SAPD direkte arrestasies op Artikel 8 van die Wet op Veediefstal uitgevoer het, wat tot skuldigebevindings in die hof gelei het.

Daadwerklike optreding het die afgelope ruk in Heilbron ook plaasgevind nadat 'n verdagte in hegtenis geneem is vir

veediefstal op 16 September 2021. Dit nadat 'n moontlike plaasaanval voorkom en is SAPD en Heilbron Beheer op die uitkyk was vir verdagte persone. Daar is klem gelê op die belangrikheid van plaasbeheer, gaan lees voorblad berig van Heilbron Herald 23 September 2021.

Jakkals le Roux, voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee, wil die polisie, NVG en die Departement van Justisie bedank vir die spoedige manier waarop oortreders voor die hof gebring en gevonnissen is. Dit is 'n bewys dat die Kriminele Regstelsel baie vinnig kan reageer met arrestasies en daaropvolgende vonnisoplegging, wat verder daarop dui dat daadwerklike optredes deur die polisie tot positiewe resultate aanleiding gee.

Dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL, meen dat die optrede deur die Polisie en vonnis in die hof 'n goeie boodskap sal uitstuur na enige voornemende oortreders wat nie die Veediefstal-wetgewing nakom rakende die besit en vervoer van vee op openbare paaie nie.

Neem asb kennis dat veeverwyderings-boekies te koop is by Heilbron Herald.



HUPPEL-TRIPPEL-KLUB KUIER OOR RAAISELS EN "NUTTELOSE TALENTE"



W eet jy hoe om 'n blokkie ys uit 'n glas water te haal met 'n stukkie garing? Of weet jy watter land in die wêreld het geen slange nie? 'n Uur het verbygesnel tussen raaisels oplos en lekker lag oor nuttelose talente soos om te probeer om met oop oë te nies; of om tegelykertyd verskillende bewegings te maak met jou hande, byvoorbeeld een hand maak sirkels en die ander een beweeg op en af.

Oor twee weke kuier ons weer saam; en dan gaan ons al die FAK- en ander lekkersing liedjies afstof en uit volle bors saamsing. Die plan is om weer vir Martie Olivier te vra om ons te begelei op die rooi sitkamer se klavier.

Die planne om 'n kettieskiet- en jukskeibaan daar te stel begin nou vorm aanneem.

HUIS BRON-VAN-HEIL HOU VERKOPING

Vanaf 09:00 op Saterdag 30 Oktober word die lekkerste lekker gebak te koop aangebied by Huis Bron-van-Heil. Daar gaan 'n groot verskeidenheid lekkernye wees om van te kies en te keur. Heerlike regte egte basaarpoeding sal ook die dag beskikbaar wees.

Smaaklike etes bestaande uit braaivleis, wors pap en sous asook 2 slaas, kan vooraf bestel word by Gerda Pieters 081 356 7575 en sal die 30ste Oktober beskikbaar wees vanaf 11:00 by Huis Bron-van-Heil.

Kom ondersteun ons asseblief

CALENDAR & DESKPAD PRICELIST 2021

Save The Date and Get Ready For 2022!

Custom WALL CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Portrait, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 150	R 150	R 300
50	R 180	R 180	R 360
100	R 240	R 220	R 460
200	R 450	R 450	R 900
500	R 850	R 670	R 1,520
1000	R 1300	R 1,060	R 2,360

Custom WIRO TENT CALENDAR

Full Colour on Gloss Board

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 560	R 560	R 1,120
100	R 900	R 900	R 1,800
200	R 1,650	R 1,620	R 3,270
500	R 3,120	R 3,120	R 6,240

Custom TENT CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Desk Calendar, 4 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 550	R 500	R 1,050
200	R 680	R 670	R 1,350
500	R 820	R 800	R 1,620
1000	R 950	R 940	R 1,890
2000	R 1,080	R 1,070	R 2,150
5000	R 1,990	R 1,800	R 3,790

Custom WIRO CALENDAR

Full Colour on Gloss Board
Wired Top, Month to View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	R 550	R 540	R 1,090
10	R 560	R 550	R 1,110
100	R 2,440	R 2,340	R 4,780
200	R 4,990	R 4,980	R 9,970

Custom FRIDGE CALENDAR

Full Colour on Fridge Magnet
Portrait, 12 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 110	R 100	R 210
50	R 560	R 550	R 1,110
100	R 990	R 990	R 1,980

Custom DESKPAD

Full Colour on Bond Paper
Gloss at Top + Backing Board

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 340	R 340	R 680
50	R 1,050	R 1,050	R 2,100
100	R 1,750	R 1,730	R 3,480
250	R 3,400	R 3,400	R 6,800
500	R 6,200	R 6,200	R 12,400

Custom DESKPAD

Full Colour on Bond Paper
Gloss at Top + Backing Board

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 4,050	R 4,050	R 8,100
50	R 4,600	R 4,600	R 9,200
200	R 5,800	R 5,800	R 11,600
500	R 8,500	R 8,500	R 17,000

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

Maandae -
Vrydae:
08:00 - 16:30
Saterdag:
09:00 - 12:00

Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

Chandré's NAIL STUDIO

R230
FOR 10 SESSIONS

5 Oct until 26 Oct

Chandré 072 594 0725

**TANNING
BED
OPENING
SPECIAL**

SEXUAL VIOLENCE. IT'S NOT YOUR FAULT. IT'S NEVER OK. HELP IS AVAILABLE...

YOUR NEAREST CARE CENTRE

Nketoana Hospital
Artie Street, Reitz, Bethlehem | 058 803 2806

Care Centre services are FREE. You don't have to report to police to access these services.

SERVICES YOU CAN ACCESS

- Testing for HIV & other STIs
- Medicine to prevent HIV & unwanted pregnancy
- Counselling and support
- Referral to other legal, health & social services

WEEK EEN-EN-VEERTIG VAN 2021



UIT DIE PEN

My ma bel my: daar is 'n skool in 'n buurdorp wat 'n pos adverteer, en sy glo dit is my pos daai. Die buurdorp is piepklein en ek het my bedenkinge oor of ek regtig soontoe wil gaan. Maar ek doen toe aansoek daarvoor. Ek reken dat ek nie 'n kans sal staan om die pos te kry nie.

En daar word ek genooi vir 'n onderhoud. Ek stap by die skoolgebou in: 'n baie vriendelike atmosfeer, pragtige saal, professionele kantoorpersoneel. Ek word in die hoof se kantoor ingenooi waar vyf van die beheerraadslede my inwag.

Ek ken een van hulle: ek het hom gereeld gesien in die kerk waar ek toe was. Die ander vier lyk soos die boere wat ek in my grootworddorp leer ken het: khakiklere, hoed wat so effens regs van die stoel lê, vellies met afgesakte kouse. Een van die boere se hare is nog so valerig van die dag se stof.

Hulle is baie gemoedelik en laat die skoolhoof toe om die vrae te vra. Ek beantwoord elke vraag, aanvanklik bewering, maar ek ontspan later. Die vyf boere praat nie baie nie, maar lag lekker saam.

Die skoolhoof kom aan die einde van sy lysie vrae en nooi elkeen van die beheerliggaamlede om ook vrae te vra. Niemand wil nie, behalwe die kerkmens.

“Ek sien op jou CV dat jy goeie gesondheid geniet?”

“Dis korrek”, sê ek baie versigtig.

“Dan is ons bly saam met jou. Kom ons drink koffie.” Onderhoud afgehandel.

Die groep mans groet en die skoolhoof neem my deur die skool. Hy noem ook dat ek in die koshuiswoonstel kan inwoon indien ek koshuisdiens wil doen. Baie jare later het iemand my vertel dat die woonstel bo-oor die ou puttoilette gebou is. Gelukkig het my woonstel darem 'n spoeltoilet gehad.

Ek kry die pos, en moet by die ander skool bedank. Die eienaar van die ander skool belowe 'n aanbod ver meer as dié skool. Nodeloos om te sê: ek wag nou nog vir die groot aanbod.

My laaste dag is op 13 Mei, en op 14 Mei stap ek die nuwe skool binne. My pa kom pak my karige meubels op en ek trek na die buurdorp.

Oorkant my bly Lelanie, wat 'n goeie vriendin word. Binne-in die koshuis bly Marius. Ons drie word 'n heerlike driemanskap.

Op Universiteit het een van ons dosente spelenderwys vertel dat jy by enige instansie eerste moet vriende maak met die faktotum en dan met die tannie wat kos maak. Daar was logika in sy stelling. Indien jy 'n fondsinsameling moet hou, moet jy altyd aanbied om koesisters te maak. Die faktotum kan gate in 'n lang plank boor waarin die koesisters kan pas. Nou moet jy vir die tannie wat die kos maak gaan vra vir margarienbakkies. Wanneer die koesisters

gereed is, druk jy dit versigtig deur die gaatjies in die plank en plaas die margarienbakkies onder die koesisters. Dit gaan die stroop wat afdrup opvang en niks word vermors nie.

Gelukkig hoef ek nooit koesisters te gebak het nie, maar ek het die dosent se raad ter harte geneem.

Ek maak vriende met die faktotum. Hy was so seningrige man wat hard gewerk het. Faktotum was getroud met Hereford bulletjie. Ek het geen idee wat haar naam was nie, almal het haar geken as Hereford bulletjie. Blykbaar omdat sy nie 'n nek gehad het nie.

Daar was drie tannies wat kos gemaak het. Vir hierdie doeleindes noem ek hulle net A, B en C. Tannie A het heerlike boerekos gemaak. Tannie B ook, en sy het dit 'n stappie verder geneem en dit pragtig opgedien. Tannie C het sommer alles bymekaargeneuk en geklits. Daarna het sy dit boem! in die opskepbakke laat val.

Tannie C se forte was gekookte T-been (niks gebraaï nie) en gekookte eiers. Potblou eiers. Daaglik. Dit het later duidelik geword dat die eiers afkomstig was van hulle hoenders, natuurlik teen 'n redelike prys aan die skool verkoop.

Ons kon nie verstaan waarom die melk so waterig was nie, my ma het altoos gepraat van “blou” melk, want dit maak jou koffie so blouurig. Ons het agtergekom dat die familie 'n trop koeie gehad het wat in die plaaslike begraafplaas gewei het. Hulle melk is dan eers verdun, en dan per liter verkoop. Blykbaar was dit waar ons “blou” melk vandaangekom het.

Lelanie het 'n pragtige wit Alsation gehad. Sy naam was Baron. Ek, Lelanie en Marius

het dieselfde dame gehad wat ons klere kom stryk het en skoongemaak het. Baron het die manier gehad om in ons al drie se woonstelle rond te stap, veral wanneer die dame ons klere gestryk het. Ons skoon klere is altyd in drie hopies gepak, een houpie per persoon. Baron het klokslag Marius se onderbroek gegryp en daarmee rondgehardloop. Menige keer het Marius se onderbroek op my of Lelanie se bed beland. Tannie C sou dit sien of tehere kom, en sy het haar eie interessante verklaring daarvoor gehad, wat baie reaksie uitgelok het.

Met my eerste dag by die skool (ek dink ek het dit al hier vertel), hardloop 'n rooikopdogtertjie met boksterte my amper disnis.

“Juffrou is familie van my!”

Nee, sussie, jy verstaan nie mooi nie. Jy is definitief nie familie van my nie. My familie is my pa en my pa, my twee boeties en hulle se gesinne en my rooikopsussie en haar gesin. Maar jy? Nee, ek ken vir jou van g'n kant af nie.

Ek vra my ma of sy hierdie vreemde mense ken. Ja, sê sy, en ek moenie so lelik wees nie: haar ouma is my ouma aan moederskant se niggie of iets. So wyd soos die Heer se genade.

By dieselfde skool kom ek agter hoe klein die wêreld is: die kollega wat Engels gee is die suster van ons buurman op die plaas waar ek grootgekom het. Die kollega wat Afrikaans gee se broer was 'n bekende in die dorp waar ons kleintyd gebly het. Lelanie se pa was 'n verkeersman in dieselfde dorp.

Maar daar was ek toe: in dieselfde dorp waar ek nie wou wees nie.

PANEEL 26

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



TERUGTOG OOR DIE DRAKENSBERGE

■ Quarta Pretorius

Na die Britse besetting van Natal in 1842-43 het die meeste van die Voortrekkers daardie landstreek weer verlaat. Hierdie paneel beeld hulle terugtog oor die Drakensberg uit. 'n Volle span osse sleep die wa terwyl die mans dit met behulp van rieme stabiliseer. Agter op die wa se traprooster is 'n hoenderfuik, en onder die wa hang die gebruiklike watervaatjie. Die aalwynplante op die voorgrond is volgens

sommige kenners nie heeltemal juis nie omdat daardie soort aalwyne nie almal in daardie gebied voorkom nie. Hulle word nogtans voortreflik uitgebeeld. Die beeldhouer het sy vader as die model gebruik vir die bejaarde man met sy arm in 'n verband regs op die paneel, wat sy belangstellend toekyk hoe die trek vorder.

Beeldhouer: Frikkie Kruger



185 JAAR HERDENKING VAN VEGKOP

16 Oktober 2021

VEGKOP

185 jaar

Hiermee word u vriendelik uitgenooi om die oggend saam met ons te kom geniet by Vegkop.

Ons begrawe 'n tydkaapse om die 185 jaar na die slag van Vegkop te herdenk.

16 OKTOBER 2021

09:00	Opening deur ds. Tommie v Vuuren
09:20	Dokumente inhandigingsereemonie vir die tydkaapse
09:45	Quarta Pretorius - Geskiedenis van Vegkop
10:00	Mnr. Jasper van der Bijl - Voorsitter Vegkop

• Quarta Pretorius

Die afgelope paar maande is daar elke week foto's en 'n berig geplaas oor die panele in die Voortrekker

Monument. Dit was met die oog op die 185 jaar herdenking van Vegkop. Dit vind die naweek plaas en hiermee nooi ons u om dit saam met ons te kom herdenk op Vegkop.

KENNISGEWINGS

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE LIKELELI MARTHA MOALOSE, IDENTITY NUMBER: 591020 0560 089**, who is widowed, residing at 242 Sewende Street, district Koppies, 9650, Province Free State, **Estate Number: 7651/2020**.
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE MAGRIETHA ALBERTHA VOSLOO, IDENTITY NUMBER: 300619 0016 083**, who is widowed, residing at Huis Bron-van-Heil, Heilbron, 9650, Province Free State, **Estate Number: 4732/2021**.
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

SUDUKU

5	3			7				
6			1	9	5			
	9	8					6	
8				6				3
4			8		3			1
7				2				6
	6					2	8	
			4	1	9			5
				8			7	9

3			8	1				2
2		1		3		6		4
			2	4				
8		9				1		6
	6						5	
7		2				4		9
			5		9			
9		4		8		7		5
6			1		7			3

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure:
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON
Tel: 058 853 0006

BEAUTIFUL OLD SANDSTONE HOME IN LINDLEY FOR SALE

Three bedroom home with study or fourth bedroom.

Large lounge with fireplace. Enclosed veranda. 1 bathroom – but could easily convert the house for an additional bathroom (en suite). Open plan kitchen and dining room. Wooden floors with some rooms having wall to wall carpeting. Original pressed ceilings in some rooms and passage. Large 2200m² stand with a strong borehole which is connected to the house water supply. Lovely braai area at the back of the house. One garage.
Contact De Wet for more info/viewing. 083 675 6815. R595000 neg.



Office National

WHAT IS POPI ACT?

The Protection of Personal Information Bill makes provision for the lawful processing of personal data of South Africans.

Which shredder to buy?

Close GetShredder, 400 or 600 or 800 or 1000. (Please note: the shredder must be used in a secure place and the shredder must be used in a secure place.)

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

SHOP NOW

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

JAARBEPLANNER

OKTOBER 2021

29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

NOVEMBER 2021

26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE

07:30 - 17:00

VRYDAE: 07:30 - 16:30

SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

PLOEG SEMOER

Egte

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567

JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

DIENSTE SMALLS

Andries Muller

072 447 7446

Vrystraat 23,
Heilbron

Ou Heilbron

Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS

ALGEMENE DRAAIWERK

MEGANIESE

HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-MIELIERESTE

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033.

Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 16de Desember 2021 en heropen DV 10 Januarie 2022.

BLOEDSKENK DATUMS

23 November

Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teurstelling te voorkom.

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

058 852 3033

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE
• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

MATRIEKAFSKEID BY DONSVEERTJIE



BLADSY MET TROTS GEBORG DEUR

YOUR
**BACK
TO
SCHOOL**
SUPPLIER

Herald



058 852 3033

heraldoffice@hellbron.co.za



Die 2021 Matriekafskeid van Heilbron het 30 September by Donsveertjie Gastepaas in Venue plaasgevind. ADVENTURE AWAITS!
Vir elkeen was dit 'n groot avontuur. Het mooiste aand is in die bus in 'n deursigtige tent gehou met liggies
omdat dit was 'n romantiese atmosfeer geskep het. Daar was ook 'n virtuele sitstelling vir belangstellendes om
aanlyn te kyk.
Foto-erkenning: Andre Pretorius Fotografie

SKULPIETOER 2021

Na 25 jaar se Sodwana wegbreek het die graad 11 leerders van Hoërskool Heilbron hierdie jaar vir die eerste keer die Skulpietoer gehad. Die toer het plaasgevind vanaf Saterdag 2 Oktober tot Donderdag 7 Oktober na Port Shepstone. Die see was soos altyd 'n groot trekpleister en nie eers reën, die hele week, kon die leerders se geesdrif demp nie. Die leerders het ook verskeie ander aktiwiteite gehad soos *tenpin bowling* en *paintbal*, asook besienswaardighede langs die kus besoek. Dit was verseker 'n toer vir die boeke.



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van *Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:*

Wat 'n duur verrassingsmaaltyd het ons te beurt geval nie met Vrydag 24ste, se braaidag, deur die Hoogte se Boerevereniging. Hulle het geen moeite of onkoste ontsien om dié dag aangenaam te maak vir ons nie. Dis darem regtig 'n klomp staatmakers al die jare, die boere met hulle vrouens. Ek het by myself gewonder wat só 'n maaltyd met roomys vir nagreg, asook 'n "veilige" doppie daar by, en heerlike tjoppie en wors ook in 'n restaurant sou gekos het. 'n Boer met sy vrou weet mos net hoe om dit smaaklik te doen. Baie dankie. Woorde is te min om ons dank uit te spreek vir al die omgee, selfs al vir jare lank was dit daar vir ons. Dis wonderlik! Ai waar is die

dae toe ek self op 'n plaas grootgeword het. Toe kon jy nie besef hoe geseënd jy was nie. Ons het soms ewe braaf by my pa oorgeneem om die roomafskeier te draai wat met 'n sekere spoed gedoen moes word sodat die room van die melk kon skei. Glo my dit was nie so maklik as wat dit geklink het nie. Jou arms was gou lam, dan het my pa só met 'n ondeunde glimlag maar weer oorgeneem. Vreemd dat ons as kinders só lief was vir die afgeroomde melk, gesê dis ons roomys! Toe het ons ons eie lekker geel botter gehad, klaar in 'n vorm gesit. En wat van daardie lekker dik room, oor jou nagereg, of oor jou krummelpap of mieliepap. Wat kos egte geel botter, of 'n bietjie room nie van nou by 'n winkel nie? Baie dankie. Waardeer baie. Van tannie Heléne Howell.



JAARPROGRAM : 2021 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
6 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD	

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer* kantoorure by Tel: 058 852 3033.

KAIROS NETWERK

Kairos Netwerk het ontstaan nadat alle kerkregtelike prosedures gevolg was om die onbybelse skrifhantering en besluite van die NG Kerk se Algemene Sinode aan te spreek, maar onsuksesvol was. Dit het, onder andere, honderde beswaarskrifte ingesluit wat blattant deur die Algemene Sinode geïgnoreer was. Kairos Netwerk bestaan uit NG gemeentes en gemeentede wat hulself nie meer met die besluite en optrede van die Algemene Sinode kan vereenselwig nie. 'n Lys van hierdie gemeentes wat doleer (treur oor hierdie situasie in die NG Kerk) kan gesien word by kairosnetwork.net/lys. Kairos Netwerk se bestuur ondersteun hierdie behoudende gemeentes en gemeentede deur hulle met raad te bedien, onderlinge gesprek te fasiliteer en om 'n netwerk daar te stel waar behoudende christene in eenheid die gemeenskap van gelowiges kan beleef rondom die Waarheid van die Woord. Hierdie dolerende gemeentes het spontaan streekskonferensies dwarsoor die land begin reël. Die eerste twee was by die Moreletapark en Bethal gemeentes. Die volgende drie is:

- 15 Oktober: Oos-Kaap – NG Gemeente

Algoa : 10h00 tot 15h00
· 23 Oktober: Wes-Kaap – NG Gemeente Strand : 8h30 tot 15h00
· 28 Oktober: Noord-Vrystaat – NG Gemeente Odendaalsrus : 9:00 tot 12:50

Hierdie konferensies is vir alle behoudende NG-lidmate en gewese NG-lidmate wat hulself vereenselwig met die tema “Terug na die Waarheid van die Woord”.

Enige navrae oor hierdie konferensies, of om dit finansiële te help ondersteun, kan per epos gestuur word na info@kairosnetwork.net. Net vavrae kan ook na Kairos Netwerk se WhatsAppnommer gestuur word by 082 237 7793. Meer inligting is ook beskikbaar op Kairos Netwerk se webtuiste by kairosnetwork.net.

Kairos beklemtoon weereens dat kerkскеuring nie die wenslike oplossing is nie, maar eerder 'n ordelike protes wat “Terug na die Waarheid van die Woord” reformasie tot gevolg het.

Ons vra alle christene, wat saam met Kairos Netwerk bekommerd is oor die liberalisme wat besig is om wêreldwyd by kerke in te sytel, vir ernstige voorbidding hieroor.

FEED SMART FROM THE START

Feeding your child the right type of food from birth until 2 years old lays the foundation for a healthy brain and body.

WHAT NUTRITION DO YOUNG CHILDREN NEED?

For the first 6 months of your baby's life this is **breastmilk only**.

INTRODUCING SOLIDS AT THE RIGHT TIME.

In the correct amounts and of age-appropriate texture is important.

STARTING WITH SMALL AMOUNTS

1 – 2 teaspoons, twice a day.

FROM 6 MONTHS ONWARDS.

In addition to breastmilk, your child will need different types of foods, and vegetables and fruit should form part of each meal.

BUILDING UP TO 5 SMALL MEALS EACH DAY

For each meal: ¼ cup at 9 months and ½ cup by 12 months.

HOW TO INCLUDE VEGETABLES AND FRUIT?

① DURING MEALTIMES

As you prepare your family meals be sure to include soft, mashed **dark-green leafy vegetables** like **spinach or broccoli**, and orange-coloured vegetables such as pumpkin or butternut as frequently as possible. **Green and orange vegetables** are rich in important **vitamins and minerals** your child needs. Do not add salt and/or sugar.

② AS SNACKS

Mash banana for babies between 6 and 8 months. For babies aged 9 to 13 months, offer pieces of **soft fruit like paw-paw or mango**. For toddlers and older children you can give **naartjie segments** or pieces of **cooked carrot** as easy and affordable snacks.

Parents and caregivers: remember to check the Road-to-Health Booklet for more information

For more information visit WWW.NUTRITIONWEEK.CO.ZA

SÊ OOM MEER GRAS?

Heilbron Rolbalkklub se 2021 Besigheidsliga het die week afgeskop met dieselfde geesdrif en entoesiasme as verlede jaar. Veertien spanne het Woensdagaand die balle laat rol. Die rolbalterme is vinnig weer opgetel en ook verkeerd geïnterpreteer. "Vat gras" het aanvanklik vir sommige 'n ander betekenis gehad. Na dag een is die span van RSA Seed and Grain voor met 75 en Telwiedre Trawante op hulle hakke met 76. Heilbron Herald se span "Whats news" spog met die oudste speler, Tom Watson, op 88 jr. Sy ervaring het ook die knoop deurgehaak vir hulle teen die span van L&T. Volgende Dinsdag pak die spanne mekaar weer aan.



JACKIE IS FRANKFORT SE KAMPIOEN

Hy dra nou 'n dubbelkroon nadat hy Saterdag Frankfort Gholfkлуб se klubkampioenskappe daar gewen het. Jackie is ook tans Heilbron se kampioen. Wat die HBA maandbeker betref het Eben Stander die skroewe vasgedraai en speel hy 'n 69 netto om nog 'n beker op sy trofee rak te sit.

Die Prestige Gholfdag is oor bietjie meer as 'n maand en vanjaar is die gaskunstenaar Juan Boucher. Dit lyk of die Springbokke se speler van die eeu, Frik du Preez, ook aan die dag gaan deelneem.

Vrydagaand se Joker Draw staan op meer as R 12 000 en is dit dalk tyd om jou tien rand op 'n gelukkige nommer te waag. Trekking is soos gebruikelik om 19:00.



Saterdag se Mug-wenners van vl. Eben Stander (69), Pieter van Staden (74) en Ruan Mienie (72).

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

Slow-Mag R139.95
Pharmaton R129.95
R149.95
R89.95
R79.95
R79.95
R69.95
6x Sachets

063 721 4950 (T) 087 527 0723
E: platteland@heilbron.co.za
22 Wierwille Street, Wierwille, Heilbron

FOR BUYING, SELLING AND LETTING OF ANY PROPERTIES

JANSEN PROKUREURS
EST. 1999
ROPERIES
HEILBRON 053 3815 | Cell: 081 737 4691
E-mail: info@jansenprokureurs.co.za
58 PIERCE STR | P.O. BOX 899 | HEILBRON | 9830

GiG Technologies (Pty) Ltd
New!!
AJAX Wireless Smart Home Security Systems

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan - 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

Feit:

DA-dorpe het die laagste werkloosheidsyfer en word as die beste beskou vir die voorsiening van basiese dienste soos elektrisiteit en water.

Die enigste dorpe wat in Suid-Afrika werk, is DA-dorpe, want die DA kry dinge gedoen.

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSdag - 19 OKTOBER 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 20 OKTOBER 2021

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

BOTHAVILLE: MERGA STOET
SAVM skape
11:00, Klipplaatdrif, Bothaville
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

DONDERDAG - 21 OKTOBER 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VRYDAG - 22 OKTOBER 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049



www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-nos: frankfort@bkbilouwid.co.za

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078

